	applications for import rebate credit certificates and the substantiation and verification of such applications. All documentation, including but not limited to books of account, which support or may support an application for an import rebate credit certificate in terms of this item shall be kept for a period of not less than five years from the date of the certificate and shall be available and produced to the International Trade Administration Commission on request for purposes of verification and should such documents not be available all benefits relating to such documents are recoverable; (ii) for the period 1 September 1995 to 31 December 1995 under such circumstances as he may prescribe issue provisional import rebate credit certificates before proof of payment is produced provided such proof of payment is produced not later than twelve months from the date of the export bill of entry. 22. In addition to the obligation of suppliers or component manufacturers to declare the correct foreign currency usage and of exporters to declare the correct foreign currency earnings, the person in whose name an import rebate credit certificate is issued shall be liable for any discrepancies resulting from the under declaration or over declaration of foreign currency usage or earnings or any other incorrect information supplied, for whatever reason, which result in the issue of an incorrect certificate and shall remain liable for the customs duty as if no rebate had been allowed. In the event of a dispute as to whether such person is entitled to a rebate claim, the onus shall rest on him to prove his entitlement to the rebate. 23. The International Trade Administration Commission shall, based on information supplied by the applicant, on the import rebate credit certificate, indicate whether it is in respect of automotive components, automotive tooling or motor vehicles exported. 24. Import Rebate Credit Certificates may be used only - (i) by Registrants to reduce the value of imported automotive components, specified motor vehicles and heavy motor vehicles as defined in Note 1 to rebate item 317.07; or (ii) by other importers to reduce the value of automotive components, specified motor vehicles or heavy motor vehicles as defined in Note 1 to rebate item 317.07 or to claim a refund of customs duties paid on automotive components, specified motor vehicles and heavy motor vehicles as defined in Note 1 to rebate item 317.07 imported by the person in whose name the certificate was issued. 25. On application for an import rebate credit certificate, the applicant may by means of a letter of authorisation name the beneficiary of such certificate. Any beneficiary shall acquire such import rebate credit certificate subject to any conditions or limitations that might at any time be applicable to such import rebate credit certificate. 26. Import rebate credit certificates obtained by local component manufacturers, suppliers or other exporters in respect of eligible exports as defined in Note 5, exported, may subject to Notes 24 and 25 only be transferred once. 27. For the purposes of this rebate item - (i) the value for customs duty purposes of original equipment components imported shall be included in the quarter during which such components were entered for home consumption on a form SAD 500 (IR) or SAD 500 (XIR) by a motor vehicle manufacturer. For the purposes of Note 29 the value for customs duty purposes shall be determined as follows: (a) the value for customs duty purposes of original equipment components imported; (b) "less the value for customs duty purposes of all such components in unopened containers or unit load devices, provided that the value for customs duty purposes of such components in containers or unit load devices not opened shall be carried forward as an opening balance to the ensuing quarter"; (c) less the value for customs duty purposes of such components imported and used in the manufacture of original equipment components by such motor vehicle manufacturer and supplied to other registered motor vehicle manufacturers in terms of this item; (d) less the value for customs duty purposes of such components imported and used in the manufacture of original equipment components by such motor vehicle manufacturer and exported; (e) less the value for customs duty purposes of such components imported and returned to the overseas suppliers by such motor vehicle manufacturer; (f) less the value for customs duty purposes of such components imported and transferred to Parts and Accessories of such motor vehicle manufacturer; (g) less the value for customs duty purposes of such components imported and used in the manufacture of specified motor vehicles by such motor vehicle manufacturer and exported. Provided that the value for customs duty purposes in terms of Notes 27(i)(b) to 27 (i)(g) shall not exceed the value for customs duty purposes of such imported components. (ii) The foreign currency usage of original equipment components received from any person in the common customs area by a motor vehicle manufacturer during a quarter shall be recorded in the ensuing quarter. However, for the first four months period (1 September 1995 to 31 December 1995) goods received during the four months period (1 June 1995 to 30 September 1995) shall be accounted for in the four months period (1 September 1995 to 31 December 1995). "27A. For the purposes of Note 27(i)(b), "unit load device" means any container or covered pallet specially designed and used for the carriage of cargo by air". "27B. For the purposes of Notes 27(i)(d) and 27(i)(g) registrants may carry forward any excess value for customs duty purposes of original equipment imported and used in exports during a quarter to - (i) the ensuing quarter, and (ii) such further quarters as the Commissioner may allow in exceptional circumstances." 28. (i) The International Trade Administration Commission may at any time verify any matter or information relating to this item save for those relating to the Commissioner. (ii) The International Trade Administration Commission may withdraw an import rebate credit certificate which was issued on the basis of incorrect information pertaining to the application. If, at the time of the withdrawal, any of the benefits in terms of such certificate had been used, such benefits will be recoverable from the user(s). (iii) In the event of any dispute arising as to the interpretation or application of any of the provisions of this item, save for those relating to the Commissioner, the decision of the International Trade Administration Commission will be final. 29. For the purposes of this rebate item "the value calculated in terms of Note 29" means - (i) the value for customs duty purposes of imported original equipment components calculated in terms of Note 27(i); (ii) plus the foreign currency usage of original equipment components received from any person in the common customs area calculated in terms of Note 27(ii); (iii) plus the duty free allowance originally allocated to motor vehicles at the time of production but which were exported in this quarter; (iv) less the duty free allowance utilized in terms of Note 14 for this quarter provided that the determination of the duty free allowance to be utilized in terms of this Note the value of any import rebate credit certificates to be utilized in terms of Note 29(v), shall be disregarded; (v) less the value of import rebate credit certificates provided that the value of such import rebate credit certificates so utilized shall not exceed the net value determined on the basis of Note 29(i) to 29(iv) above; (vi) less the foreign currency usage of original equipment components received by a motor vehicle manufacturer from any person in the common customs area during the accounting period subject to Note 27(b), which have been incorporated in motor vehicles exported. 30. To qualify for any rebate in terms of this rebate item (including the duty free allowance) all components imported for the manufacture of specified motor vehicles as defined in Note 7, shall be entered under Chapter 98.				

By the deletion of the following: (continued)

Rebate Item	Tariff Heading	Rebate Code	CD	Description	Extent of Rebate
317.04	98.01	01.04	45	Original equipment components, for the manufacture of road tractors for semi-trailers of subheading 8701.20, of a vehicle mass not exceeding 1 600 kg	Full duty less the duty payable on the value calculated in terms of Note 29
317.04	98.01	02.04	47	Original equipment components, for the manufacture of motor vehicles for the transport of ten or more persons, including the driver, of heading 87.02 of a vehicle mass not exceeding 2 000 kg	Full duty less the duty payable on the value calculated in terms of Note 29
317.04	98.01	03.04	44	Original equipment components, for the manufacture of motor cars (including station wagons) of heading 87.03	Full duty less the duty payable on the value calculated in terms of Note 29
317.04	98.01	04.04	49	Original equipment components, for the manufacture of motor vehicles for the transport of goods of heading 87.04 of a vehicle mass not exceeding 2 000 kg or a G.V.M. not exceeding 3 500 kg or of a mass not exceeding 1 600 kg or of a G.V.M. not exceeding 3 500 kg per chassis fitted with a cab (excluding motor vehicles of subheading 8704.10, shuttle cars and low construction flame-proof vehicles, for use in underground mines and off-the-road logging trucks)	Full duty less the duty payable on the value calculated in terms of Note 29
317.04	98.01	05.04	43	Original equipment components, for the manufacture of chassis fitted with engines of heading 87.06 of a mass not exceeding 1 600 kg or of a G.V.M. not exceeding 3 500 kg (excluding those for motor vehicles of subheading 8704.10, shuttle cars and low construction flame-proof vehicles, for use in underground mines and off-the-road logging trucks)	Full duty less the duty payable on the value calculated in terms of Note 29

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. R. 1218 **11 DESEMBER 2015**

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/1/714)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 3 by bogenoemde Wet hiermee gewysig**, met ingang vanaf 1 Januarie 2016,** in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

M JONAS
ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES

BYLAE

Deur die skrapping van die volgende:

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
304.07	23.04	01.04	44	Oliekoek en ander vaste oorblyfsels, hetsy gemaal of in die vorm van pille al dan nie, afkomstig van die winning van sojaboonolie, in die hoeveelhede en op die tye wat die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie by bepaalde permit toelaat vir die vervaardiging van preparate van 'n soort by dierevoer gebruik, met ingang vanaf 1 Julie 2008 tot en met 30 Junie 2011	Volle reg
317.04	**NYWERHEID: GESPESIFISEERDE MOTORVOERTUIE OPMERKINGS: 1. Die mate van korting waarvoor in hierdie item voorsiening gemaak word, sal nie die reg betaalbaar op die ingevoerde goedere ingevolge Hoofstuk 98 van Bylae No. 1, oorskry nie. 2. Geregistreerdes onder hierdie kortingitem sal - (i) gedurende die eerste verrekeningstydperk, soos omskryf in Opmerking 3(i)(a), 'n doeanerekening vir die eerste vier maande aan die Kontroleur voorlê en enige doeanereg betaalbaar sal in rekening gebring word op 'n klaringsbrief vir binnelandse verbruik of SAD vorm binne dertig dae na die sluitingsdatum van sodanige rekening maar nie later as die voorlaaste amptelike werksdag van die maand wat volg op die tydperk van vier maande waarin die datum vir sluiting van belastingrekeninge voorkom; (ii) gedurende die tweede verrekeningstydperk soos omskryf in Opmerking 3(i)(b) akkumulatiewe kwartaalikse rekeninge aan die Kontroleur voorlê en enige doeanereg betaalbaar sal op 'n voorlopige betaling inbetaal word binne dertig dae na die uitingsdatum van elke kwartaal. Sou dit gevind word dat die akkumulatiewe reg betaalbaar aan die einde van 'n kwartaal minder is as wat betaal is aan die einde van die vorige kwartaal, sal 'n terugbetaling vir so 'n verskil in reg van die Kontroleur geëis word. Indien die reg betaalbaar egter meer is as wat aan die einde van die vorige kwartaal betaal is, sal die verskil in reg in rekening gebring word deur middel van 'n voorlopige betaling, met dien verstande dat aan die einde van die verrekeningstydperk, die reg betaalbaar op die finale rekening so bereken in rekening gebring sal word op 'n klaringsbrief vir binnelandse verbruik binne dertig dae na die sluitingsdatum van sodanige rekening maar nie later as die voorlaaste werksdag van die maand wat volg op die tydperk van twaalf maande waarin die datum vir sluiting van belastingrekeninge voorkom en die voorlopige betalings terugbetaal word; (iii) gedurende die derde en daaropvolgende verrekeningstydperke soos omskryf in Opmerking 3(i)(c), doeane rekeninge aan die Kontroleur voorlê en enige doeanereg en addisionele belasting op toegevoegde waarde (BTW) betaalbaar sal in rekening gebring word op 'n klaringsbrief vir binnelandse verbruik binne dertig dae na die sluitingsdatum van sodanige verrekeningsperiode maar nie later as die voorlaaste amptelike werksdag van die maand wat volg op die tydperk van drie maande waarin die datum vir sluiting van belastingrekeninge voorkom; (iv) ten opsigte van oorspronklike komponente indeelbaar binne Hoofstuk 98 - (a) geklaar, vanaf 1 Maart 2012, alle sodanige komponente op vorm SAD 500 (IR), behalwe as dit by invoer vir opslag in 'n gelisensieerde doeane- en aksyns opslagpakhuis geklaar word; (b) geklaar, voor 15 Maart 2012, vir binnelandse verbruik op vorm SAD 500 (XIR), alle sodanige komponente ingevoer en geklaar vir opslag in 'n geregistreerde spesiale vervaardigingsgpakhuis voor 1 Maart 2012; (c) in 'n gelisensieerde doeane- en aksyns opslagpakhuis opberg, sodanige komponente klaar vir binnelandse verbruik op vorm SAD 500 (XIR) voor verwydering vanaf daardie pakhuis; (d) wanneer die komponente geklaar word op vorm SAD 500 (IR) of SAD 500 (XIR) soos in paragrawe (a), (b) en (c), beoog, BTW betaal op die waarde vir doeaneregdoeleindes asof 'n "volle reg" mate van korting van toepassing is; (v) vir die doeleindes van Opmerking 2(ii) sal doeanereg betaal word op Vorm DA 70 "AANSOEK OM VOORLOPIGE BETALING TE MAAK". Die skaal van doeanereg sal die skaal van toepassing wees onder Hoofstuk 98 op die datum van die sertifikaat vir verwydering van synsbare/gespesifiseerde goedere ex pakhuis (Vorm DA 32); (vi) wysig alle rekeneinge ten opsigte van 'n huidige afrekeningstydperk, op die volgende wyses alleen: (a) enige regstelling/wysiging van enige besonderhede van 'n kwartaalikse rekening sal aangeteken word op Vorm DA 199.65 of Vorm DA 199.70, soos van toepassing, bereken vir die verskil tussen die oorspronklike rekening en die reggestelde/gewysigde rekening vir doeaneregdoeleindes. Vorm DA 199.70 sal vergesel deur volle besonderhede van die reggestelde/gewysigde rekening tesame met 'n afskrif van die oorspronklike rekening; (b) enige reg verskuldig ten opsigte van so 'n regsteling/wysiging sal deur die Registrant betaal word op 'n Vorm DA 70 "AANSOEK OM VOORLOPIGE BETALING TE MAAK". Enige oorbetaling van reg ten opsigte van so 'n regstelling sal deur die Kontroleur aan die Registrant terugbetaal word; (c) ten opsigte van so 'n regstelling/wysiging van die waarde vir doeaneregdoeleindes sal die Registrant bereken en voorlê aan die Kontroleur die uitwerking van so 'n regstelling/wysiging op die berekening van die belastingvrye toegewing ingevolge Opmerkings 11 en 12 en die uitwerking daarvan op die bedrag van die belastingvrye toelaag aangewend ingevolge Opmerking 14(i) en die waarde van die oorskot belastingvrye vergunning moet oorgedra word as 'n openingsbalans na die daaropvolgende kwartaal ingevolge Opmerking 14(iii). Sulke waardes vir doeaneregdoeleindes sal dienooreenkomstig deur die registrant gewysig word; (vii) nie enige regstelling/wysiging van doeanerekeninge weergee ten opsigte van vorige verrekeningstydperke nie as 'n regstelling/wysiging in 'n doeanerekening vir 'n huidige verrekeningstydperk: (a) enige reg verskuldig ten opsigte van so 'n regstelling/wysiging ten opsigte van 'n vorige verrekeningstydperk sal in rekening gebring word deur die registrant en inbetaal word in die Nasionale Inkomstefonds as doeanereg op 'n departementele klaringsbrief (Vorm DA 490) deur die Kontroleur; (b) enige reg oorbetaal as gevolg van so 'n regstelling/wysiging mag deur die Registrant terug geëis word op Vorm DA 66 "AANSOEK OM TERUGBETALING"; (c) ten opsigte van so 'n reg verskuldig of enige eis vir die terugbetaling van reg ten opsigte van so 'n kwartaal gedurende 'n vorige verrekeningstydperk, sal die Registrant bereken, in ag neem en aan die Kontroleur voorlê die effek van so 'n regstelling/wysiging op die waarde van die**				

Deur die skrapping van die volgende: (vervolg)

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
				belastingvryetoelaag bereken en verbruik ingevolge van Opmerking 14 in so 'n kwartaal asook die balans van enige oorskot belastingvrye vergunning oorgedra as 'n openingsbalans na die daaropvolgende kwartaal ingevolge van Opmerking 14(iii). Sulke waardes vir doeaneregdoeleindes sal dienooreenkomstig deur die Registrant gewysig word. 3. Vir die doeleindes van hierdie item - (i) die verrekeningstydperke sal as volg wees: (a) die eerste verrekeningstydperk vir oorspronklike toerusting komponente wat onder hierdie item geklaar is, daardie ontvang van plaaslike komponentvervaardigers of voorsieners en motorvoertuie geproduseer sal vir vier maande wees beginnende op 1 September 1995 en sal op 31 Desember 1995 eindig; (b) die tweede verrekeningstydperk sal vir vier periodes van drie maande elk wees beginnende op 1 Januarie 1996 en sal op 31 Desember 1996 eindig; (c) die derde en daaropvolgende verrekeningstydperke sal vir vier periodes van drie maande elk wees beginnende op 1 Januarie van elke jaar en sal eindig op 31 Desember van elke jaar; (ii) die Kontroleur sal ten opsigte van die doeanerekeninge soos omskryf in Opmerking 2(i) tot (ii) vir die verrekeningstydperke soos omskryf in Opmerking 3(i)(b) en (c) alle Vorms DA 70 "AANSOEK OM 'N VOORLOPIGE BETALING TE MAAK" likwideer ten opsigte van doeanereg en dit inbetaal in die Nasionale Inkomstefonds op Vorm DA 490 as doeanereg ontvang binne sestig dae van die sluitingsdatum van die volle verrekeningstydperk maar nie later as die voorlaaste amptelike werksdag van die tydperk van sestig dae volgende die sluitingsdatum van die volle verrekeningstydperk. 4. "Invoerkorting kredietsertifikate" beteken sertifikate uitgereik deur die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie ten opsigte van geskikte uitvoere van goedere soos omskryf in Opmerking 5. 5. "Geskikte uitvoere" beteken uitvoere van enige van die volgende wat nuut of ongebruik is ten tye van uitvoer - (i) Gespesifiseerde motorvoertuie omskryf in Opmerking 7, toegerus met 'n enjin en ratkas, vervaardig ingevolge hierdie kortingitem en uitgevoer vanaf die gelisensieerde persele deur die vervaardiger. (ii) Motorvoertuie vervaardig ingevolge kortingitem 317.07 in die hoeveelhede en onder sulke voorwaardes soos die Internasionale Handlesadministrasie Kommissie by spesifieke permit mag toelaat. (iii) Gespesifiseerde motorvoertuie soos omskryf in Opmerking 7, nie toegerus met 'n enjin of ratkas nie, uitgevoer vanaf die gelisensieerde perseel deur die vervaardiger, motorvoertuigkomponente en motorvoertuiggereedskap soos omskryf in Opmerking 10, waarvoor 'n sertifikaat deur die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie uitgereik was, mits die uitvoer van sodanige komponente en gereedskap 'n bydrae lewer tot die bereiking van die algehele doelwit van die Staat se Motor Nywerheid Ontwikkelingsprogram. Sulke komponente en gereedskap sal verder aan die volgende vereistes voldoen, naamlik dat - (a) dit geheel of gedeeltelik in die gemeeskaplike doeanegebied vervaardig is; (b) nie minder as 25 persent van die ex-fabriek verkoop prys van die komponente en gereedskap verteenwoordig is deur die som van - - die koste van arbeid in die gemeenskaplike doeanegebied; - die waarde van materiale in die gemeenskaplike doeanegebied; - die fabrieks oorhoofse koste (uitgesonderd wins) aangegaan in die gemeenskaplike doeanegebied ten opsigte van die komponente en gereedskap; en (c) die finale vervaardigingsproses binne die gemeenskaplike doeanegebied plaasgevind het: Met dien verstande dat prosesse van verpakking en verf nie sal kwalifiseer as vervaardiging nie. In die geval waar die finale vervaardigingsproses nie in die gemeenskaplike doeanegebied plaasvind nie, moet 'n beslissing deur die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie ten opsigte van die geskiktheid van die relevante produk gemaak word. 6. Vir die doeleindes van Opmerking 5 mag die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie invoerkortingsertifikate uitreik onderhewig aan sulke verdere voorwaardes wat die Kommissie mag bepaal. 7. "Gespesifiseerde motorvoertuie" beteken - (i) padtrekkers of leunsleepwaens van subpos 8701.20 met 'n voertuigmassa van hoogstens 1 600 kg; (ii) motorvoertuie vir die vervoer van tien of meer persone, insluitende die bestuurder, van pos 87.02, met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg, (uitgesonderd dié van subpos 8702.10.10); (iii) motorkarre (insluitende stasiewaens) van pos 87.03; (iv) motorvoertuie vir die vervoer van goedere van pos 87.04 met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg of 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg of met 'n massa van hoogstens 1 600 kg of met 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg per onderstel toegerus met 'n kajuit (uitgesonderd motorvoertuie van subpos 8704.10, rolbodemwaens en lae konstruksie vlamvaste voertuie vir gebruik in ondergrondse myne en veldbosblokvragmotors); en (v) onderstelle toegerus met enjins van pos 87.06, met 'n massa van hoogstens 1 600 kg of 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg (uitgesonderd daardie vir motovoertuie van subpos 8704.10, rolbodemwaens en lae konstruksie vlamvaste voertuie vir gebruik in ondergrondse myne en veldbosblokvoertuie). 8. "Die waarde van enige invoerkortingkredietsertifikate ten opsigte van geskikte uitvoere" beteken die vreemde valuta verdienste soos omskryf in Opmerking 9 vanaf die plek van afsending van die gemeenskaplike doeanegebied min die vreemde valuta gebruik soos omskryf in Opmerking 18. 9. Die uitdrukking "vreemde valutaverdienste" beteken die vry vervoer waarde {i.e. vry aan boord (v.a.b.) en, in die geval van oorland vervoer deur uitgangspunte in die gemeenskaplike doeanegebied, vry op spoor (v.o.s) of vry op trok (v.o.t.), by die grens} van uitvoerverkope. Vir die doeleindes van die omskrywing sal die volgende nie deel vorm van die vreemde valutaverdienste nie, naamlik: (i) vrag en assuransiekostes ten opsigte van geskikte uitvoere, buite die gemeenskaplike doeanegebied, ongeag of die koste in die gemeenskaplike doeanegebied betaal is; (ii) enige uitgawe of koste, op enige wyse aangegaan deur 'n aktiwiteit, insluitende dienste verrig, of wat nog verrig moet word, buite die gemeenskaplike doeanegebied vir enige uitvoer verkope, insluitende, maar nie beperkend tot - (a) kommissie betaal aan 'n oorsese verteenwoordiger; (b) koste aangegaan in die bemarking, advertering, plasing, opslag, herstel en klaring van produkte verkoop ingevolge 'n uitvoerverkoping; en (c) enige belasting, invoer- en aksynsregte. Hetsy sodanige koste betaal is of nie, in die gemeenskaplike doeanegebied op voorwaarde dat, in geval van enige verskil wat ontstaan oor die bepaling van die vreemde valutaverdienste, die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie 'n denkbeeldige vreemde valutaverdienste kan bepaal. 10. "Motorvoertuiggereedskap" beteken - - matryse vir die trek en ekstrusie van metaal, van subpos 8207.20; - gereedskap vir persstempel- of ponswerk, van subpos 8207.30; - werkstukhouers van subpos 8466.20; - monteersetmate en monteerlyne, van subpos 8479.89; en - inspuitmatryse, vormpatrone en gietvorms van pos 84.80, waar die hoof gebruik vir die vervaardiging van gespesifiseerde motorvoertuie en motorvoertuigkomponente vir sodanige voertuie is. 11. "Belastingvrye vergunning" beteken 27 persent van die waarde vir belastingvrye vergunning doeleindes soos omskryf in Opmerking 12. 12. (i) "Die waarde vir belastingvrye vergunning doeleindes" beteken die waarde bepaal op die wyse voorgeskryf in hierdie Opmerking, van alle motorvoertuie wat ingevolge hierdie item gedurende 'n kwartaal vervaardig is en gereed vir verkoop is, uitgesonderd sodanige voertuie wat gedurende dieselfde uitgevoer is. (ii) Vir die doeleindes van hierdie Opmerking: (a) is die waarde vir belastingvrye toelaedoeleindes vir sodanige kwartaal die aanbevole kleinhandel lysprys (insluitende opsies) vir die plaaslike mark (uitgesluit BTW, AD VALOREM aksynsreg ingevolge Bylae No. 1 Deel 2B en omgewingsheffing ingevolge Afdeling D by Deel 3 van Bylae No.1), van toepassing op sodanige motorvoertuig(uie) ten tye van vervaardiging daarvan, min 'n maatskappy-spesifieke persentasie(s) deur die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie op 'n kwartaalikse basis bepaal; (b) word die maatskappy-spesifieke persentasie(s) gebaseer op die finansiële inligting van die kwartaal voor die vaardigingskwartaal en sluit onder andere verskil(le) in tussen die gemiddelde aanbevole kleinhandel lysprys(e) (uitgesonderd BTW, AD VALOREM aksynsreg ingevolge Bylae No. 1 Deel 2B en omgewingsheffing ingevolge Afdeling D in Deel 3 van Bylae No. 1), en die gemiddelde faktuurprys(e) (uitgesonderd BTW, AD VALOREM aksynsreg ingevolge Bylae No. 1 Deel 2B en omgewingsheffing ingevolge Afdeling D in Deel 3 van Bylae No. 1) van die spesifieke motorvoertuigvervaardiger plus enige ander koste item(s) wat 'n distorsie tot gevolg kan hê kan insluit, maar is nie tot	

Deur die skrapping van die volgende: (vervolg)

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
	kortings, kommissies en dienskontrak beperk nie. Die inligting word, vir die doeleindes van Opmerking 12, gebaseer word op verkope in die plaaslike mark en aan kopers wat nie verwant is aan die motorvoertuigvervaardiger ingevolge artikel 66(2)(a) van die Wet; (c) kan die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie die toedeling van enige verwante item bepaal en kan, indien die spesifieke persentasie(s) foutiewelik bereken is, sodanige persentasie(s) terugwerkend wysig; (d) kan die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie 'n verslag aanvra wat berekeninge en skedules insluit wat die berekenings van die maatskappy-spesifieke persentasie(s) ondersteun van die geregistreerde motorvoertuigvervaardiger of sy praktiserende rekenmeester of ouditeur geregistreer ingevolge artikel 15 van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeurswet, 1991 op die onkoste van die geregistreerde motorvoertuigvervaardiger aanvra; (e) kan die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie in die geval van enige model waarvoor die betrokke prys en kostestrukture nie beskikbaar is nie, die maatskappy-spesifieke persentasie(s) in oorleg met die motorvoertuigvervaardiger bepaal; (f) kan die Kommissaris, in die geval van enige model waarvoor daar nie 'n aanbevole kleinhandel lysprys (uitgesonderd BTW, ADVALOREM aksynsreg ingevolge Bylae No. 1 Deel 2B en omgewingsheffing ingevolge Afdeling D in Deel 3 van Bylae No. 1), beskikbaar is nie 'n aanbevole kleinhandelprys na oorleg met die motorvoertuigvervaardiger ooreenkomstig artikel 69(3) bepaal. 13. Vir die doeleindes van Opmerking 12 - (i) moet alle dokumentasie, insluitende maar nie beperk tot boeke van rekeninge, wat die inligting voorgelê ten opsigte van die maatskappy spesifieke persentasie(s) ondersteun of mag ondersteun gehou word vir 'n tydperk van nie minder as drie jaar van die einde van die produksie kwartaal en sal beskikbaar gemaak word en op aanvraag aan die Departement van Handel en Nywerheid voorgelê word vir doeleindes van verifiëring en indien sodanige dokumentasie nie beskikbaar is nie alle voordele met betrekking tot sodanige dokumente verhaalbaar wees; en (ii) mag die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie vir die tydperk 1 September 1995 tot 31 Desember 1995 'n voorlopige maatskappy spesifieke persentasie(s) in oorleg met die motorvoertuigvervaardiger bepaal wat met terugwerkende krag gewysig kan word. 14. (i) Die belastingvrye vergunning ingevolge Opmerking 11 in enige kwartaal sal in die eerste plek aangewend word ingevolge Opmerking 29(iv) deur 'n Registrant om die waarde vir doeaneregdoeleindes van oorspronklike toerusting komponente te verminder en die vreemde valuta verbruik van oorspronklike toerusting komponente van enige persoon in die gemeenskaplike doeanegebied ontvang bereken ingevolge Opmerking 27. (ii) Enige oorskot belastingvrye vergunning mag deur sodanige Registrant aangewend word om die waarde van motorvoertuie onder kortingitem 460.17 ingevoer te verminder in die kwartaal daaropvolgend met dien verstande dat die vooraf geskrewe goedkeuring vir die aanwending van sodanige belastingvrye vergunning van die Kommissaris verkry sal word en die oorblywende balans van sodanige belastingvrye vergunning sal aangewend word ingevolge Opmerking 14(i) in die volgende kwartaal. (iii) "Oorskot belastingvrye vergunning" sal soos volg bereken word: (a) die balans van enige oorskot belastingvrye vergunning oorgedra van die vorige kwartaal; (b) min enige belastingvrye vergunning aangewend ingevolge Opmerking 14(ii) onder kortingitem 460.17 vir hierdie kwartaal; (c) plus die belastingvrye vergunning ingevolge opmerking 11 vir hierdie kwartaal; (d) min die belastingvrye vergunning (met inbegrip van enige belastingvrye vergunning oorgedra van die vorige kwartaal nie angewend vir die invoer van motorvoertuie onder kortingitem 460.17 nie) aangewend ingevolge Opmerking 29(iv) vir hierdie kwartaal. (iv) die balans van enige oorskot belastingvrye vergunning sal met die sluitingsdatum van elke verrekiningtydperk, soos omskryf in Opmerking 3(i), skriftelik met die Kommissaris bevestig word. 15. (i) Die Registrant moet sertifikate (Vorm DA 190) soos voorgeskryf by reël verkry wat die vreemde valutagebruik ten opsigte van oorspronklike toerustingkomponente vir gebruik in die vervaardiging van gespesifiseerde motorvoertuie, ontvang van enige persoon in die gemeenskaplike doeanegebied. Sodanige sertifikate sal verkry word op die tye en wyse soos die Kommissaris van tyd tot tyd voorskryf. (ii) Indien sodanige sertifikate nie verkry word of behoorlik ingevul is nie, kan die vreemde valutagebruik ten opsigte van sodanige goedere beskou word die prys te wees waarteen sodanige goedere deur die Registrant aangekoop is. 16. (i) Die vreemde valutaverdienste ten opsigte van uitvoere deur plaaslike komponentvervaardigers, verskaffers of ander uitvoerders sal ondersteun word deur 'n sertifikaat (Vorm DA 190) soos voorgeskryf by reël wat die vreemde valutegebruik ten opsigte van ingevoerde motorvoertuigkomponente en ingevoerde grondstowwe uitgesonderd verbruikersgoedere in elke tipe motorvoertuigkomponent en motorvoertuiggereedskap geïnkorporeer uitgevoer, verklaar. (ii) Die vreemde valutaverdienste ten opsigte van motorvoertuie, motorvoertuigkomponente en motorvoertuiggereedskap uitgevoer deur 'n Registrant sal ondersteun word deur 'n sertifikaat (Vorm DA 190) soos voorgeskryf by reël wat die vreemde valutagebruik ten opsigte van ingevoerde motorvoertuigkomponente en ingevoerde grondstowwe verklaar uitgesonderd verbruiksgoedere wat in sodanige uitvoere geïnkorporeer is. (iii) Indien sodanige sertifikate nie behoorlik ingevul verkry word nie, kan die vreemde valutagebruik ten opsigte van sodanige motorvoertuie, motorvoertuigkomponente en motorvoertuiggereedskap uitgevoer, beskou word om die volle waarde van die vreemde valutaverdienste te wees. (iv) Die waarde van edelmetale ten opsigte van katalitiese omskalkelaars hetsy al dan nie, geïnkorporeer in uitlaatstelsels, sal beperk word tot 40 persent van die waarde van Suid-Afrikaanse edelmetale daarin geïnkorporeer. (v) Die waarde van invoerkredietsertifikate sal beperk word tot 70 persent van die sertifikaat. (vi) Die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie mag onder sulke voorwaardes soos dit mag bepaal, die waarde van invoerkortingsertifikate verder beperk soos vermeld in Opmerking 16(v). 17. Vir die doeleindes van Opmerkings 15 en 16, mag die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie die metode en basis van berekening en die metode en voorwaardes aangaande die verifiëring van die vreemde valutagebruik wat op sodanige sertifikate verklaar is bepaal en mag hy die korrektheid van sodanige vreemde valutagebruik verifieer. 18. "Vreemde valutagebruik" beteken die waarde vir doeaneregdoeleindes van enige ingevoerde komponente en enige ingevoerde komponente en materiale (uitgesonderd verbruikersartikels, petrol, distillaatbrandstowwe, smeerghries en bereide enjin-, ratkas-, stuurkas- en aandryfwielas smeerolies) ingevoer deur of ontvang deur enige persoon in die gemeenskaplike doeanegebied en gebruik in die vervaardiging of montering van motorvoertuigkomponente van gespesifiseerde motorvoertuie en gereedskap. 18A. Vir die doeleindes van Opmerking 18 mag die plaaslike inhoud van motorvoertuigkomponente en materiale wat verder buite die gemeenskaplike doeanegebied geprosesseer en heringevoer word in die gemeenskaplike doeanegebied weggelaat word van die waarde vir doeaneregdoeleindes onder die spesifieke voorwaardes soos voorgeskryf in die Motornywerheid Ontwikkelingsprogram riglyne deur die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie en op aansoek aan, en goedkeuring deur die Internasionale Handelsadminstrasie Kommissie. Die waarde van die plaaslike inhoud sal die vry draerwaarde (i.e. vry aan boord (v.a.b.)) van sulke goedere wees by die hawe van uitvoer. 19. Bykomend tot enige aanspreeklikheid van komponentvervaardigers en verskaffers om die korrekte vreemde valutagebruik te verklaar sal motorvoertuigvervaarigers wat sodanige vreemde valutagebruik verkry verantwoordelik wees vir enige ngeruimdhede wat mag voortspruit as gevolg van die onderverklaring van vreemde valutagebruik deur sodanige komponentvervaarigers en verskaffers, en sal aanspreeklik bly vir die doeanereg asof geen korting toegestaan was nie. In die geval van 'n meningsverskil of 'n motorvoertuigvervaardiger die reg het op 'n kortingeis, sal die bewyslas op sodanige motorvoertuigvervaardiger rus om sy reg op die korting te bewys. 20. Die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie mag invoerkortingkredietsertifikate goedkeur en uitreik aan uitvoerders ten opsigte van geskikte uitvoere soos omskryf in Opmerking 15, uitgevoer, op voorwaarde dat die onderstaande bepalings nagekom word: (i) sodanige goedere				

Deur die skrapping van die volgende: (vervolg)

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
				onder doeane toesig verpak en uitgevoer is tensy andersins deur die Kommissaris bepaal (behalwe storters met gelede onderstelle met 'n B.V.M. van meer as 5 ton uitgevoer gedurende die tydperk vanaf 1 Januarie 2007 tot 31 Desember 2009); (ii) alle uitvoerdokumentasie ondersteun deur behoorlik voltooide vorm DA 190 en bewys van repatriasie van fondse vir die goedere uitgevoer beskikbaar gehou word deur die geregistreerde uitvoerder op sodanige voorwaardes wat deur die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie bepaal mag word; (iii) ten einde vir enige genoemde voordele te kwalifiseer, moet aansoeke vir invoerkorting kredietsertifikate nie later as 12 maande van die datum van die uitvoerklaringsbrief aan die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie voorgelê word (behalwe in die geval van storters met gelede onderstelle met 'n B.V.M. van meer as 5 ton uitgevoer gedurende die tydperk vanaf 1 Januarie 2007 tot 31 Desember 2009, ten opsigte van aansoek wat ingedien moet word aan die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie, nie later as 12 maande vanaf 31 Desember 2009. nie); en (iv) slegs goedere wat fisies die gemeenskaplike doeanegebied verlaat het mag kwalifiseer. Sodanige vreemde valutaverdienste mag alleenlik vir invoerkortingkredietsertifikate kwalifiseer indien bewys tot bevrediging van die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie gelewer is, insluitende bewyse dat betaling van sodanige opbrengste afkomstig is van die direkte invloei van die vreemde valuta deur 'n geregistreerde bankinstelling. Nie-voldoening aan enige van die voornoemde sal nie die gebruiker van die invoerkortingkredietsertifikaat vrystel van enige verpligtinge ingevolge hierdie item nie. 21. Vir die doeleindes van Opmerkings 16 en 20, mag die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie - (i) die metode, basis en voorwaardes waarop aansoeke vir invoerkortingkredietsertifikate en die wesentliking en nagaan van sodanige aansoeke gebaseer sal word voorskryf. Alle dokumentasie, insluitende maar nie beperk tot boeke van rekeninge wat 'n aansoek vir 'n invoerkortingkredietsertifikaat ondersteun of mag ondersteun ingevolge hierdie item sal vir 'n tydperk van nie minder as vyf jaar van die datum van die sertifikaat gehou word en sal beskikbaar wees en op versoek aan die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie voorgelê word vir doeleindes van verifiëring en indien sodanige dokumente nie beskikbaar is nie sal alle voordele wat betrekking het op sodanige dokumente verhaalbaar wees; (ii) vir die tydperk 1 September 1995 tot 31 Desember 1995 onder sodanige omstandighede wat hy mag voorskryf voorlopige invoerkorting kredietsertifikate uitreik voordat bewys van betaling voorgelê is op voorwaarde dat sodanige bewys van betaling voorgelê word binne twaalf maande vanaf die datum van die uitvoerklaringsbrief. 22. Bykomend tot die aanspreeklikheid van die verskaffers of komponent vervaardigers om die korrekte vreemde valutagebruik te verklaar en van uitvoerders om die korrekte vreemde valutaverdienstes te verklaar, sal die persoon in wie se naam 'n kredietsertifikaat uitgereik is aanspreeklik wees vir enige ongeruimdhede voortspruitend uit die onder- en oorverklaring van vreemde valutagebruik of verdienste of enige ander foutiewe inligting verskaf vir watter rede ookal, wat gelei het tot die uitreik van 'n foutiewe sertifikaat en sal aanspreeklik bly vir die doeanereg asof geen korting toegestaan was nie. In die geval van 'n meningsverskil of sodanige persoon die reg het op die invoerkortingkredietsertifikaat sal die bewyslas op hom rus om sy reg op die korting te bewys. 23. Die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie moet op die invoerkortingkredietsertifikaat aandui gebaseer op inligting deur die applikant voorsien, of dit ten opsigte van motorvoertuigkomponente, motorvoertuiggereedskap of motorvoertuie is wat uitgevoer is. 24. Invoerkortingkredietsertifikate mag slegs gebruik word - (i) deur Geregistreerdes om die waarde van ingevoerde motorvoertuigkomponente, gespesifiseerde motorvoertuie en swaar motorvoertuie te verminder soos by Opmerking 1 van kortingitem 317.07 omskryf; of (ii) deur die invoerders om die waarde van motorvoertuigkomponente, gespesifiseerde motorvoertuie of swaar motorvoertuie te verminder soos in Opmerking 1 van kortingitem 317.07 omskryf of die terugbetaling van invoerregte betaal op voertuigkomponente, gespesifiseerde motorvoertuie en swaar motorvoertuie soos in Opmerking 1 van kortingitem 317.07 omskryf ingevoer deur die persoon in wie se naam die sertifikaat uitgereik is, te eis. 25. By aansoek vir 'n invoerkortingkredietsertifikaat, mag die aansoeker deur middel van 'n magtigingsbrief die begunstigde van sodanige sertifikaat benoem. Enige begunstigde sal sodanige invoerkortingkrediet sertifikaat verkry onderhewig aan enige beperkings of belemmerings wat te enige tyd op sodanige invoerkortingkredietsertifikaat van toepassing mag wees. 26. Invoerkortingkredietsertifikate verkry deur plaaslike komponentvervaardigers, verskaffers of ander uitvoerders ten opsigte van geskikte uitvoere soos omskryf in Opmerking 5, uitgevoer, mag, onderhewig aan Opmerkings 24 en 25, slegs een keer oorgedra word. 27. Vir die doeleindes van hierdie item - (i) sal die waarde vir doeaneregdoeleindes van oorspronklike toerusting komponente ingevoer ingesluit word in die kwartaal waartydens sodanige goedere vir binnelandse verbruik op 'n vorm SAD 500 (IR) of SAD 500 (XIR) geklaar is deur 'n vervaardiger. Vir die doeleindes van Opmerking 29 sal die waarde vir doeaneregdoeleindes soos volg bereken word: (a) die waarde vir doeaneregdoeleindes van oorspronklike toerusting komponente ingevoer; (b) "min die waarde vir doeaneregdoeleindes van alle sodanige komponente in ongeopende houers of eenheid ladingtoestelle, met dien verstande dat die waarde vir doeaneregdoeleindes van sodanige komponente in ongeopende houers of eenheid ladingtoestelle as 'n openingsaldo na die volgende kwartaal oorgedra word"; (c) min die waarde vir doeaneregdoeleindes van sodanige komponente ingevoer en gebruik in die vervaardiging van oorspronklike toerusting komponente deur sodanige motorvoertiugvervaardiger en verskaf aan ander motorvoertuigvervaardigers ingevolge hierdie item; (d) min die waarde vir doeaneregdoeleindes van sodanige komponente ingevoer en gebruik in die vervaardiging van oorspronklike toerusting komponente deur sodanige motorvoertuigvervaardiger en uitgevoer; (e) min die waarde vir doeaneregdoeleindes van sodanige komponente ingevoer en teruggestuur aan die oorsese verskaffer deur sodanige motorvoertuigvervaardiger; (f) min die waarde vir doeaneregdoeleindes van sodanige komponente ingevoer en oorgeplaas na Onderdele en Bybehore van sodanige motorvoertuigvervaardiger; (g) min die waarde vir doeaneregdoeleindes van sodanige komponente ingevoer en gebruik in die vervaardiging van gespesifiseerde motorvoertuie deur sodanige motorvoertuigvervaardiger en uitgevoer. Met dien verstande dat die waarde vir doeaneregdoeleindes ingevolge Opmerkings 27(i)(b) tot 27(i)(g) nie die waarde vir doeaneregdoeleindes van sodanige ingevoerde komponente sal oorskrei nie. (ii) Die vreemde valutagebruik van oorspronklike toerusting komponente ontvang van enige persoon in die gemeenskaplike doeanegebied deur 'n motorvervaardiger gedurende 'n kwartaal sal bereken word in die daaropvolgende kwartaal. Hoewel, vir die eerste vier maande tydperk (1 September 1995 tot 31 Desember 1995) goedere ontvang gedurende die vier maande tydperk 1 Junie 1995 tot 30 September 1995 voor bereken sal word in die vier maande tydperk 1 September 1995 tot 31 Desember 1995. "27A. Vir die doeleindes van Opmerking 27(i)(b) beteken "eenheid ladingtoestel" enige houer of bedekte palet wat spesiaal ontwerp is en gebruik word vir die lugvervoer van vrag". "27B. Vir die doeleindes van Opmerkings 27(i)(d) en 27(i)(g) mag geregistreerdes enige oorskot van die waarde vir doeaneregdoeleindes van oorspronklike toerusting ingevoer en gebruik vir uitvoer gedurende 'n kwartaal oordra na - (i) die daaropvolgende kwartaal, en (ii) sodanige verdere kwartale wat die Kommissaris mag toelaat onder buitegewone omstandighede. 28. (i) Die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie te enige tyd enige geval of informasie met betrekking tot hierdie item bevestig behalwe vir daardie wat betrekking het op die	

Deur die skrapping van die volgende: (vervolg)

Kortingitem	Tariefpos	Kortingkode	TS	Beskrywing	Mate van Korting
	Kommissaris. (ii) Die Internasionale Handelsadminitrasie Kommissie mag 'n invoerkortingkredietsertifikaat onttrek wat uitgereik was op die basis van foutiewe inligting met betrekking tot die aansoek. Indien, teen enige tyd van die onttrekking, enige van die voorregte ingevolge van sodanige sertifikaat gebruik was, sodanige voorregte teruggevorder sal word van die gebruiker(s). (iii) In die geval van enige dispuut voortspruitend uit die vertolking of aanwending van enige van die voorwaardes van hierdie item, behalwe vir daardie met betrekking tot die Kommissaris, sal die beslissing van die Internasionale Handelsadminitrasie Kommissie beslissend wees. 29. Vir die doeleindes van hierdie kortingitem beteken "die waarde bereken ingevolge van Opmerking 29" - (i) die waarde vir doeaneregdoeleindes van ingevoerde oorspronklike toerusting komponente bereken ingevolge Opmerking 27(i); (ii) plus die vreemde valuta gebruik van oorspronklike toerusting komponente ontvang van enige persoon in die gemeenskaplike doeanegebied bereken ingevolge Opmerking 27(ii); (iii) plus die belastingvrye toegawe oorspronklik toegeken aan motorvoertuie ten tyde van vervaardiging maar wat uitgevoer is in hierdie kwartaal; (iv) min die belastingvrye toegawe gebruik ingevolge Opmerking 14 vir hierdie kwartaal met dien verstande dat die bepaling van die belastingvrye toegawe om gebruik te word ingevolge hierdie Opmerking die waarde van enige invoerkortingkredietsertifikate om gebruik te word ingevolge Opmerking 29(v), verontagsaam sal word; (v) min die waarde van invoerkortingkredietsertifikate met dien verstande dat die waarde van sodanige invoerkortingkredietsertifikate so bebruik nie die netto waarde bepaal op die basis van Opmerking 29(i) tot 29(iv) hierbo sal oorskry nie; (vi) min die vreemde valuta gebruik van oorspronklike toerusting komponente ontvang deur 'n motorvoertuigvervaardiger van enige persoon in die gemeenskaplike doeanegebied gedurende die berekeningstydperk onderhewig aan opmerking 27(b), wat ingereken is in motorvoertuie uitgevoer. 30. Ten einde vir enige korting ingevolge hierdie kortingitem te kwalifiseer (met inbegrip van die belastingvrye vergunning) moet alle komponente ingevoer vir die vervaardiging van gespesifiseerde motorvoertuie, soos omskryf in Opmerking 7, onder Hoofstuk 98 geklaar word.				
317.04	98.01	01.04	45	Oorspronklike toerusting komponente vir die vervaardiging van padtrekkers vir leunsleepwaens van subpos 8701.20 met 'n voertuigmassa van hoogstens 1 600 kg	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 29
317.04	98.01	02.04	47	Oorspronklike toerusting komponente vir die vervaardiging van motorvoertuie vir die vervoer van tien of meer persone, insluitende die bestuurder, van pos 87.02 met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 29
317.04	98.01	03.04	44	Oorspronklike toerusting komponente vir die vervaardiging van motorkarre (insluitende stasiewaens) van pos 87.03	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 29
317.04	98.01	04.04	49	Oorspronklike toerusting komponente vir die vervaardiging van motorvoertuie vir die vervoer van goedere van pos 87.04 met 'n voertuigmassa van hoogstens 2 000 kg of 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg of met 'n massa van hoogstens 1 600 kg of met 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg per onderstel toegerus met 'n kajuit (uitgesonderd motorvoertuie van subpos 8704.10, rolbodemwaens en lae konstruksie vlamvaste voertuie vir gebruik in ondergrondse myne en veldbosblokvragmotors)	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 29
317.04	98.01	05.04	43	Oorspronklike toerusting komponente vir die vervaardiging van onderstelle met enjins toegerus van pos 87.06 met 'n massa van hoogstens 1 600 kg, of met 'n B.V.M. van hoogstens 3 500 kg (uitgesonderd dié vir motorvoertuie van subpos 8704.10, rolbodemwaens en lae konstruksie vlamvaste voertuie vir gebruik in ondergrondse myne en veldbosblokvragmotors)	Volle reg min die reg betaalbaar op die waarde bereken ingevolge Opmerking 29

SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

NO. R. 1219 **11 DECEMBER 2015**

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.

AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/5/2)

